# REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

# STAATSKOERANT

# GOVERNMENT GAZETTE

## OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer* *Registered at the Post Office as a Newspaper*

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **60c** Local
Buitelands 95c Other countries
Posvry • Post free

VOL. 297 KAAPSTAD, 20 MAART 1990
CAPE TOWN, 20 MARCH 1990 No. 12372


KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 649. 20 Maart 1990

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 34 van 1990: Wet op die Erkenning van die Onafhanklikheid van Namibië, 1990.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 649. 20 March 1990

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 34 of 1990: Recognition of the Independence of Namibia Act, 1990.

# WET

**Om die onafhanklikheid van Namibië te erken; en om vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan, voorsiening te maak.**

*(Engelse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 20 Maart 1990.)*

NADEMAAL die Raad van die Volkebond op 17 Desember 1920 'n mandaat oor die gebied wat voorheen die Duitse Protektoraat van Suidwes-Afrika uitgemaak het, aan Sy Britse Majesteit namens en ten behoewe van die Regering van die Unie van Suid-Afrika toegeken het;

NADEMAAL die Regering van Suid-Afrika genoemde gebied tot en met die ontbinding van die Volkebond in ooreenstemming met die mandaat, en daarna in die gees van genoemde mandaat, geadministreer het;

NADEMAAL dit die verklaarde beleid van die Regering van Suid-Afrika is dat die mense van genoemde gebied self vrylik oor hul politieke toekoms moet besluit;

NADEMAAL om die weg te baan vir die verwesenliking van hierdie doel en die onafhanklikheid van genoemde gebied die Republiek van Suid-Afrika te New York op 22 Desember 1988 'n Ooreenkoms met die Volksrepubliek van Angola en die Republiek van Kuba gesluit het wat gelei het tot die aanvang van die gefaseerde onttrekking van Kubaanse troepe aan Angola en die hou, op die basis van Resolusies 435 (1978) en 632 (1989) van die Veiligheidsraad van die Verenigde Nasies, van 'n vrye en regverdige verkiesing vir 'n Grondwetgewende Vergadering vir genoemde gebied;

EN NADEMAAL die mense van die gebied deur genoemde Grondwetgewende Vergadering hul wense met betrekking tot hul eie politieke toekoms na behore uitgespreek het;

WORD DAAR DERHALWE BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Erkenning van soewereiniteit en onafhanklikheid van Namibië**

**1.** Die Republiek van Namibië word hierby as 'n soewereine en onafhanklike staat erken.

**Beëindiging van gesag van Republiek in die gebied**

**2.** (1) Die Republiek hou op om enige gesag in die gebied vermeld in die Vredesverdrag en Zuid West Afrika Mandaat Wet, 1919 (Wet No. 49 van 1919), uit te oefen.

(2) Enige regsreël van die Republiek wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet in genoemde gebied van krag was, hou vir sover dit die Republiek betref op om in die gebied van krag te wees.

# ACT

**To recognize the independence of Namibia; and to provide for matters connected therewith.**

*(English text signed by the State President.)*
*(Assented to 20 March 1990.)*

WHEREAS the Council of the League of Nations on 17 December 1920 conferred upon His Brittanic Majesty for and on behalf of the Government of the Union of South Africa a mandate over the territory which formerly constituted the German Protectorate of South West Africa;

WHEREAS the Government of South Africa administered the said territory in accordance with the mandate until the dissolution of the League of Nations and thereafter in the spirit of the said mandate;

WHEREAS it is the declared policy of the Government of South Africa that the people of the said territory should themselves freely decide their own political future;

WHEREAS in order to pave the way for the realization of this goal and the independence of the said territory the Republic of South Africa concluded an Agreement in New York on 22 December 1988 with the Peoples' Republic of Angola and the Republic of Cuba which led to the commencement of the staged withdrawal of Cuban troops from Angola and the holding, on the basis of United Nations Security Council resolutions 435 (1978) and 632 (1989), of a free and fair election for a Constituent Assembly for the said territory;

AND WHEREAS the people of the said territory have through the said Constituent Assembly duly expressed their wishes in regard to their political future:

BE IT THEREFORE ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Recognition of sovereignty and independence of Namibia**

**1.** The Republic of Namibia is hereby recognized as a sovereign and independent state.

**Cessation of authority of Republic in the territory**

**2.** (1) The Republic shall cease to exercise any authority in the territory referred to in the Treaty of Peace and South West Africa Mandate Act, 1919 (Act No. 49 of 1919).

(2) Any rule of law of the Republic which was in force in the said territory immediately prior to the commencement of this Act shall as far as the Republic is concerned cease to be of force in the territory.

**Geen afbreuk aan soewereiniteit van Republiek**

**3.** Die bepalings van artikel 1 word nie uitgelê as sou dit erkenning wees van die geldigheid van enige bepaling van die Grondwet van Namibië wat afbreuk heet te doen aan die soewereiniteit van die Republiek oor sy grondgebied nie.

**Kort titel en inwerkingtreding**

**4.** Hierdie Wet heet die Wet op die Erkenning van die Onafhanklikheid van Namibië, 1990, en tree op 21 Maart 1990 in werking.

**No derogation from sovereignty of Republic**

**3.** The provisions of section 1 shall not be interpreted as recognition of the validity of any provision of the Constitution of Namibia which purports to derogate from the sovereignty of the Republic over its territory.

**Short title and commencement**

**4.** This Act shall be called the Recognition of the Independence of Namibia Act, 1990, and shall come into operation on 21 March 1990.